

13 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 3:15 en 4:1-8

Fokusgedeelte: Genesis 3:15 en 4:1-2a

God se tyd is nie ons tyd nie

Alhoewel die Here oordele oor die mens en die skepping uitgespreek het na die sondeval, skenk Hy tog sy genade aan die mens. Die loon van die sonde is die dood maar die mens mag nog lewe. Die Here gaan die beloofde Verlosser uit die mense se na geslag laat kom.

Adam en Eva ontvang 'n seun van God. Eva onthou die belofte van die Verlosser. Vol vreugde roep sy by Kain se geboorte uit: "Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!" Sy dink dat Kain die beloofde nageslag is. By Abel se geboorte was daar nie so baie blydschap nie. Hy kry 'n onindrukwekkende naam, Abel, wat "nietigheid" beteken.

In Eva se optrede sien ons ons optrede. Dikwels is ons te gou bly, terwyl die Here se pad van verlossing lank duur en deur dieptes gaan. Dan raak ons ongelukkig as God se tyd en ons tyd nie korreleer nie. Kyk net na Eva-hulle se verdriet! Kain was nie die verlosser nie, maar 'n moordenaar. Die geloofspad wat die Here ons laat loop, is nie 'n snelweg nie, maar 'n pad van vernedering en groei.

Dank die Here! Hy het die pad van verlossing vir mense nie deur mense voltooi nie. Hy het dit deur sy eie Seun gedoen. Die diepste weg van vernedering het Jesus vir ons geloop. Hy het dit vir ons gedoen om ons geduld te leer. Die Gees leer ons om te wag op die Here. Wag vandag op die Here om verdriet te voorkom. God se tyd beweeg soms teen twee tempo's – stadig en baie stadig!

Sing: Psalm 34:1, 2, 3, 4 Ds CCA Vrey (Oudtshoorn)